

19 Desember

Skrifgedeelte: Jesaja 55:6-13

Fokusgedeelte: NGB, Art 36

Die taak van die owerheid – bevorder die ware godsdien

Sedert 1846 het verskeie kerke (Free Church of Scotland, Gereformeerde Kerken Nederland, Christian Reformed Church of America) al wysigings aan Artikel 36 aangebring. Hoe kan die owerheid vandag die taak hê om “alle afgodery en valse godsdien teen te gaan en uit te roei en die ryk van die antichris te vernietig”? Die kritiek is dat ’n Ou-Testamentiese teokratiese regeerstelsel hier verabsoluteer word en dat die geestelike karakter van God se koninkryk in die Nuwe Testament nie verreken word nie. Verder bring Artikel 36 skynbaar ook die bekende Calvinistiese standpunt in gedrang dat kerk en staat elkeen op sy eie terrein selfstandig is.

Maar, kyk weer na die NGB se bewoording: Dit is die taak van die owerheid “om die heilige Woordbediening te beskerm, om SODOENDE alle afgodery en valse godsdien teen te gaan en uit te roei ...” Al wat die owerheid moet doen is om die heilige Woordbediening te beskerm! Wanneer die Woord vrylik verkondig mag word, sal die Woord self die res doen. Die Woord van God is immers lewend en kragtig (Heb 4:12) en sal nie onverrigtersake na God terugkeer nie! Dit sal doen wat God gedoen wil hê (vers 11). Dit is GOD SE WOORD wat die antichris en sy ryk sal vernietig (2 Tess 2:8).

Godsdienstryheid is al klaar ’n groot stap wat die owerheid neem, want daardeur word die Woordbediening beskerm. Meer sou deur wetgewing gedoen kon word om alle mense die geleentheid te gee om op Sondag eredienste by te woon. Benut die wonderlike vryheid wat ons het deur elke geleentheid aan te gryp om God se Woord te verkondig. Dit sal nie “leeg” terugkeer nie (11 – OAV)!

DR. WC VERGEER (POTCHEFSTROOM-OOS)